

## Om soos 'n kindjie te word

Sommige mense glo dat omdat Jesus gesê het dat 'n mens soos 'n kindjie moet glo, dit dus nie nodig is om te ernstig te raak met Bybelstudie nie.

### Het Jesus gesê jy moet soos 'n kindjie glo, of dat jy soos 'n kindjie moet word?

*“Toe bring hulle kindertjies na Hom dat Hy hulle die hande sou oplê en bid ; en die dissipels het hulle bestraf. Maar Jesus sê: Laat die kindertjies staan en verhinder hulle nie om na My te kom nie; want aan sulkes behoort die koninkryk van die hemele”*  
(Matt. 19:13).

As daar na die konteks van hierdie skrifgedeelte gekyk word, sien ons dat 'n redenasie onder die grootmense oor wie die grootste in die koninkryk van God is, daartoe gelei het dat Jesus na 'n kindjie wys en sê:

*“Voorwaar Ek sê vir julle, **as julle nie verander** en soos die kindertjies **word** nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie! Elkeen dan wat **homself verneder** soos hierdie kindjie, hy is die grootste in die koninkryk van die hemele”*  
(Matt.18:1-4, My beklemtoning).

In hierdie skrifgedeelte word dit duidelik dat 'n mens soos 'n kindjie moet **word**. Jesus beklemtoon drie dinge: eerstens, grootmense **kan** verander; tweedens, dat hulle nie net kan verander nie, maar dat om in die koninkryk van God in te gaan, hulle **móét** verander, en in die derde plek lei ons af dat **selfvernedering** 'n belangrike rol speel in hierdie proses. Teen hierdie agtergrond verstaan 'n mens meer van wat Jesus aan Nikodemus in **Johannes 3:3** sê:

*“... as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.”*

Is om “*weer gebore*” te word nie net 'n ander manier om te sê dat 'n persoon weer soos 'n kindjie moet word nie? Wedergeboorte impliseer dat daar 'n radikale gesindheidsverandering moet plaasvind in die persoon wat Jesus “aanneem” – 'n gesindheid wat met dié van 'n kindjie vergelyk kan word!

Na watter kenmerke van 'n kindjie sou Jesus verwys? Is dit liefde, geduld, integriteit of miskien selfbeheersing? Ek glo nie, want kindertjies kan soms baie venynig, selfsugtig en jaloers wees en ongeduldig sonder selfbeheersing optree. Dit is teenoorgesteld van die vrug van die Gees wat as karaktereenskappe, oor tyd, in die lewe van die gelowige moet ontwikkel. Het Jesus nie 'n kind se vertroue en totale afhanklikheid van sy ouers in gedagte gehad nie? Ek dink so, want Jesus lui die Bergrede in met: *“Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is...”* (Matt. 5:3).

Jesus se verwysing na om soos 'n kindjie te word, soos reeds gestel, verwys na 'n kindjie se gesindheid van afhanklikheid van ouers, en nie na 'n kindjie se onkunde en gebrek aan kennis en insig nie. Wat kennis aangaande die Skrif en geestelike dinge betref, word gelowiges gemaan om nie kind te bly nie, maar om op te groei tot volwassenheid:

*“Julle is soos babatjies wat nog net melk kan drink en nie vaste kos kan inneem nie. Mense wat nog van melk leef, kan nie werklik saampraat oor die suiwer leer nie. Hulle is dan nog maar net kinders”* (Heb. 5: 12-13).

Jesus se waarskuwing om te groei in kennis:

*“Pas op wat julle hoor; met die maat waarmee julle meet, sal vir julle gemeet word, en daar sal bygevoeg word vir julle wat hoor. Want wie het, vir hom sal gegee word; en wie nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy het” (Mark. 4:24-25, OAV).*

*“Maak seker dat julle goed aandag gee aan wat julle hoor...Hoe meer julle luister, hoe meer sal julle verstaan – en julle sal boonop nog meer ontvang. Wie hulle oopstel vir my onderrig – vir hulle sal nog meer gegee word. Maar wie dit nie doen nie – van hulle sal selfs die bietjie wat hulle het, ook nog weggeneem word” (Mark. 4:24-25, NLV).*

Die *Amplified Bible* stel dit so:

*“Be careful what you are hearing. **The measure of thought and study you give to the truth you hear will be the measure of virtue and knowledge that comes back to you** – and more besides will be given to you who hear. For to him who has will more be given: and from him who has nothing, even what he has will be taken away by force” (Mark. 4:24-25, Amplified Bible, my beklemtoning).*

**Markus 4:24-25** het niks te doen, soos baie glo, met ryk mense wat materieel nog ryker gaan word nie; dit het te doen met dié wat gretig is om meer te wil weet en te verstaan van wat God in Sy Woord sê:

*“Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word” (Matt. 5:6).*

### Slotsom

Daar is ñ verskil tussen “kinderagtigheid” en “kinderlikheid.” Eersgenoemde beskryf belaglike, ligsinnige gedrag, terwyl laasgenoemde die nederige, onaangeplakte vertroue van ñ kindjie beskryf.

*“Maar julle moet toeneem in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus. Aan Hom kom die heerlikheid toe, nou sowel as in die dag van die ewigheid. Amen” (2 Pet. 3:18).*

**Nick Maartens**

**Jeffreysbaai**

**0827826074**

**E-pos: [nickmaartens@hotmail.com](mailto:nickmaartens@hotmail.com)**